BabyGym®
Institute South Africa

SUKSES stories

Van op die magie seil na hande-viervoet kruip. Joegaai!

Jo-Marie vd M Bothma

As BabaGim instrukteur was dit vir my 'n absolute heerlikheid en voorreg om met elkeen van my kinders te kon toepas wat ek in klasse deel. Dit maak my GLO in die BabaGim-program en elke keer bevestig dit aan my, dat selfs na meer as 10 jaar as instrukteur, ek nogsteeds met selfvertroue hierdie program kan aanbeveel sonder enige voorbehoud.

Ons jongste is 'n ywerige asjas wat heel gewillig en vinnig mylpale wil bereik. Sy het vroeg al begin rol en kon stewig en sonder enige ondersteuning sit voordat sy 6 maande oud was. Toe dit egter by kruip kom, was sy baie slim om al seilend op haar maag te kom waar sy wil wees. Die feit dat haar ouer boetie en sussie dit laggend aangemoedig het, het waarskynlik nie gehelp nie!

Van hande-viervoet kruip wou sy min weet. Toe sy teen 44 weke nog net seil en nie wil kruip nie, het ek dadelik ingegryp en binne minder as 3 weke het ons die ou gewoonte gebreek en het sy begin kruip. Sy het egter heel geredelik geprotesteer met ons alewige inmenging met haar keuse van beweging en as ek nie geweet het hoe belangrik kruip regtig is vir neurologiese ontwikkeling nie, sou haar kwaai kyke en skril gilletjies my waarskynlik laat moed opgee het. Ouers moet onthou, dat die bietjie (of soms luide en harde!) protes wat ons babas maak as ons hulle help sterker word regtig niks is invergelyking met die moontlikheid van latere probleme nie. Hier geld die gewilde gesegde verseker: "Pick your battles".

Hier is wat ons gedoen het:

- Ons het tydens elke doekruil sessie heelwat fietsry trappies en oorkruis bewegings gedoen.
- Ons het hard gefokus om nuwe breinbedrading te vorm deur haar elke keer in haar spoor te stop as sy op haar maag seil en haar dadelik op te trek in die hande-vier-voet posisie. Ons sou haar dan so effe vorentoe en agtertoe (en heen en weer) wieg vir 'n paar keer en dan haar beentjies in die kruip aksie beweeg terwyl sy self haar armpies vorentoe beweeg.

Margót-Mari het het op 47 weke korrek gekruip. Joegaai!

Margót-Mari tydens die BabaGim gradeplegtigheid

©BabaGim Instituut: JOHANNESBURG 2019